



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Indien die spelling die betekenis beïnvloed, word die kandidaat wel gepeenaliseer.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder **NIE GEPENALISEER NIE**. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na. Daar word eers horisontaal en dan vertikaal nagesien. Indien al die feite in die eerste kolpunt aangebied word, verdien die kandidaat die punte.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1**TEKS A: SUID-AFRIKA SE GOUE SEUNS EN DOGTERS MAAK DIT IN DIE WÊRELD**

[Verwerkte teks uit verskeie bronne]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	Suid-Afrika/(R)SA	1
1.1.2	bekend	1
1.2	artritis	1
1.3	"humanitêre" (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE) (EEN WOORD)	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • oorloë • vloede • aardbewings • rampe/natuurrampe • "Hulle help mense wat swaarkry as gevolg van oorloë, vloede, aardbewings, ens." (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
1.5	Monster	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.6	<ul style="list-style-type: none"> Hy het die mense in Europa bekend gestel aan Suid-Afrika se kos/melktert, biltong en mosbolletjies. Hy maak kos soos melktert/biltong/mosbolletjies. Hy bedien Suid-Afrikaanse kos by sy restaurant (in Nice, Frankryk)/stel dit aan buitelanders/Europa bekend. Hy het Suid-Afrikaanse geregte/melktert/biltong/mosbolletjies aan Europa se mense bekend gestel. "So het hy die idee gekry om Suid-Afrikaanse geregte soos melkert, biltong en mosbolletjies aan Europa se mense bekend te stel." (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Dat elkeen/hulle mooi is. Hulle is mooi soos hulle is. Jy het nie nodig om soos iemand anders te lyk nie. Hulle moet deur haar sien dat hulle mooi is. "Dis vir haar belangrik dat jong meisies hulleself deur haar moet sien en moet besef dat elkeen mooi is." (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> Zozi het die kroon vir twee jaar gedra./Sy was vir twee jaar Mejuffrou Heelal. Gewoonlik dra Mejuffrou Heelal die kroon net vir een jaar. Sy het die kroon langer/die langste gedra. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> oud jonk (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (EEN WOORD) 	1
1.10.1	Figuurlik	1
1.10.2	<ul style="list-style-type: none"> Hulle het met musiek grootgeword. Hulle het 'n passie/liefde vir/hou baie van musiek./Musiek maak hulle gelukkig. Hulle is goed met musiek/talentvol/het talent in musiek. Hulle almal volg 'n loopbaan in musiek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.10.1 moet korrek wees vir kandidate om die punt by VRAAG 1.10.2 te kry.) 	1
1.11	Pretty het ... <ul style="list-style-type: none"> (musiek) studeer. aan die SA College of Music studeer. aan die Universiteit van Kaapstad (musiek) studeer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.12	<ul style="list-style-type: none"> Die regering het die Silwer Orde van Ikhamanga aan Pretty toegeken. (Pretty het) die Silwer Orde van Ikhamanga (ontvang). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	<p>Siya ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • se ouers was baie jonk./het nie by sy ouers grootgeword nie./se ouma het hom grootgemaak. • se ouma (wat hom versorg het,) is vroeg dood./dood toe hy 12 jaar oud was. • het grootgeword in 'n omgewing waar armoede/geweld/misdaad deel van sy lewe was./met swak omstandighede grootgeword. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.14.1	C/gee vir siek mense nuwe hoop op lewe	1
1.14.2	E/maak geen onderskeid tussen mense wat hulp nodig het nie	1
1.14.3	A/ontvang die hoogste erkenning vir 'n eetplek	1
1.14.4	B/beweeg in koninklike kringe	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> • Ek sou vir hulle ... <ul style="list-style-type: none"> ○ dankie gesê het vir die goeie werk wat hulle doen. ○ dankie gesê het dat hulle almal help, ongeag ras, klas, geloof, ens. ○ gesê het dat mense besef hulle waag hulle lewens vir ander. ○ gesê het dat ek respek vir hulle het omdat hulle dit nie vir eie gewin/aansien doen nie. ○ gesê het dat ek dit waardeer dat hulle werklik omgee vir mense in nood. ○ gesê het dat ek trots op hulle is. ○ gesê het dat dit prysenswaardig is dat hulle ubuntu uiteleef en nie net daaroor praat nie. ○ gesê het dat hulle werklik 'n verskil maak. ○ gesê het dat hulle 'n inspirasie/voorbeeld vir ander is om ook ander mense te help. • Ek sou hulle moed ingepaat het/aangemoedig het om voort te gaan met die goeie werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Moenie betrokke raak by slegte dinge in jou omgewing nie, soos misdaad/bendes/geweld, ens. • Raak betrokke by jou gemeenskap/gee terug aan jou gemeenskap./Leef ubuntu uit. • Bestee jou tyd aan iets positiefs soos bv. rugby./Jy kan alles doen as jy positief is. • Moenie opgee/jou drome prysgee as dinge sleg gaan in jou lewe nie. • Jou verlede bepaal nie jou toekoms nie. • Styg uit bo jou omstandighede./Jou omstandighede hoef jou nie te verhoed om sukses te behaal nie. • Moenie dat jou omstandighede jou negatief maak nie. • Jy kan jou lewe verander as jy goeie/regte keuses maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	<ul style="list-style-type: none"> Deur die erkenning bewys hulle dat hulle oumas ... <ul style="list-style-type: none"> 'n definitiewe/belangrike rol in hulle lewens gespeel het. hulle gehelp het om hulle passie te ontdek/talente te benut. deel was van hulle opvoeding/vormingsjare. hulle ondersteun het (en hulle is dankbaar daarvoor). hulle gehelp het (om die regte keuses te kon maak). so spesiaal in hulle lewens was. hulle inspirasie was. Dit wys dat hulle nie vergeet het waar hulle vandaankom nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
TEKS B: BESTEL JOU KOS AANLYN [Eie verwerkte teks]		
1.18	Gerief/gerief/20,5% sê gerief beïnvloed hulle besluit	1
1.19	uit verskillende items kan kies	1
1.20	Jy moet die app aflaai/op jou foon hê./Die app/Die toepassing/Die toep.	1
1.21	<p>Die meisie/werker ...</p> <ul style="list-style-type: none"> is vriendelik/glimlag. lyk netjies/professioneel/se uniform/hare is netjies/skoon. is gereed om jou te bedien/toeganklik. weet hoe om kos te bedien. se glimlag wys dat sy van haar werk hou. doen meer as een taak gelyktydig/dra kos aan en praat op die gehoorstuk om moontlik bestellings te neem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> Jy is nie die enigste persoon wat bestel het nie. Die eetplek het dalk baie bestellings. Die persoon wat die kos kom aflewer kan nie jaag nie. Daar is dalk druk verkeer. Die afleweraar het dalk baie bestellings om af te lewer. Jou bestelling neem dalk lank/langer om voor te berei. Jou kos sal sleg wees as dit te vinnig gemaak is. Die kosplek is nie naby nie. Die persoon wat aflewer ken dalk nie die omgewing baie goed nie. Die afleweraar wil nie 'n ongeluk veroorsaak nie; daarom wil hy nie te vinnig ry nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.23	<ul style="list-style-type: none"> Daar is nie baie woorde om te lees nie. Daar is nie moeilike woorde om te lees nie. Daar is (genoeg) prentjies (om te sê waaroor dit gaan). Die prentjies sê presies waaroor dit gaan./Die prentjies en die woorde sluit by mekaar aan. Dit word in persentasies/stapsgewys aangebied. Dit gee eenvoudige instruksies. Baie mense hou nie van lees nie en verkies die prentjies om makliker te verstaan. Ek is 'n visuele leerder. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
TOTAAL AFDELING A: 30		

AFDELING B: OPSOMMING**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
 - 3 punte vir taal
 - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 korrekte feite: 1 punt
 - 4–5 korrekte feite: 2 punte
 - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
 - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
 - 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
 - 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

Een korrekte aanhaling:

- **Toegewing:** Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar **een** daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.
- Indien die kandidaat **net 1 direkte aanhaling** het, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

Getal woorde:

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming ná die sin waarin die 75ste woord voorkom.

VRAAG 2**TEKS C: HOE KIES EK DIE REGTE LOOPBAAN?**

[Verwerkte teks]

DIREKTE AANHALING		EIE SINNE
Een van die belangrikste besluite wat jy vir jou lewe na skool moet neem, is watter loopbaan jy gaan volg. Hier is belangrike wenke wat jou kan help om die regte besluit te maak.	1	Jy moet weet waarin jy belangstel./Ken jou belangstellings./Jou belangstellings moet 'n rol in jou keuse van 'n loopbaan speel.
Dit is belangrik dat jy weet wat jou belangstelling is. As jy nie hou van die werk wat jy gaan doen nie, gaan jy ongelukkig wees. Jy moet egter ook realisties wees en jou eie vaardighede in ag neem . Wat kan jy goed doen? Jy wil tog suksesvol wees in die loopbaan wat jy gaan volg.	2	Neem jou vaardighede in ag./Jy moet weet wat jy goed kan doen./Wees realisties oor dit wat jy kan doen.
'n Ander baie belangrike aspek om aan te dink, is of daar vir jou werksgeleenthede sal wees wanneer jy met jou loopbaan begin. Baie mense het al die fout gemaak om 'n sekere loopbaan te kies, maar kry dan nie werk nie. Hiermee saam moet jy uitvind watter tipe opleiding nodig sal wees vir die loopbaan wat jy kies. Moet jy 'n graadkursus volg, of is meer praktiese opleiding nodig?	3	Vind uit/maak seker of daar werksgeleenthede vir jou sal wees./Stel vas watter werksgeleenthede daar vir jou loopbaan is/sal wees.
Jy moet weet wat jou persoonlike doel in die lewe is . Gaan jou loopbaan jou help om uit te kom waar jy graag wil wees? Daarom is dit belangrik om ook te kyk na die geld wat jy gaan verdien . Jy gaan tog werk sodat jy vir jouself, en dalk vir 'n gesin, kan sorg. Daar is baie inligting oor verskillende beroepe beskikbaar. Jy moet egter seker maak of hierdie inligting werklik vir jou sê wat jy elke dag in jou loopbaan gaan doen.	4	Vind uit watter tipe opleiding jy gaan nodig hê./Weet watter tipe opleiding nodig sal wees./Jy moet die opleiding wat benodig word, in gedagte hou.
	5	Maak seker jy weet wat jou doel in die lewe is./Ken jou doel/doelwitte in die lewe.
	6	Vind uit watter salaris jy gaan verdien./Bepaal hoeveel geld jy gaan verdien./Vind uit wat jou salaris sal wees.
	7	Maak seker dat jy weet wat jou werk op 'n daaglikse basis gaan wees/wat jou werk van jou gaan vereis./Maak seker dat die inligting oor jou loopbaan jou lei in wat jy gaan doen./Bepaal wat die werk van jou gaan vereis./Gebruik die inligting om jou meer te vertel wat jy kan verwag in jou loopbaan.
		WOORDE: 61 (of meer/minder)

TOTAAL AFDELING B: 10

**AFDELING C: TAAL
ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**

[Verwerkte teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	(Alle) ma's/Ma's (wat toebroodjies vir haar man en kinders maak)/Vrouens met mans en kinders/Moeders/Mammas	1
3.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Nie alle huise het 'n ma (wat toebroodjies maak nie). • In sommige huise is dit die pa wat verantwoordelik is vir die kos/die toebroodjies maak. • In sommige huise is kinders verantwoordelik vir die kos. • Baie kinders bly saam met hulle grootouers/ander familieledes en nie 'n ma nie. • Dit is nie net ma's wat toebroodjies maak nie, maar ook ongetroude/alleenlopende/kinderlose dames. • Omdat ma's nie altyd kosmaak nie. • Die stereotipering is dat dit net ma's is wat toebroodjies maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.1.1 moet korrek wees vir kandidate om die punt by VRAAG 3.1.2 te kry.)</i>	1
3.2	Die brood ... <ul style="list-style-type: none"> • is vars/sag. • is goedkoop/kos net (slegs) R10/se prys. • is by verskillende winkels beskikbaar. (Kan ook winkels se name noem) • maak die heel lekkerste toebroodjies. • kry 'n duimpie wat dui op tevredenheid/wys dat mense tevrede voel/laat mense tevrede voel. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.3	nie 'n fout sal maak om dié brood te gaan koop nie	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.4	<ul style="list-style-type: none"> Dit is 'n goeie tegniek om mense te manipuleer/oorreed om die produk te koop. Dit laat jou dink dat jy net so gelukkig gaan wees soos sy as jy die brood gekoop het./Haar gelukkige gesig manipuleer jou om ook die brood te koop. Die dogtertjie se vriendelike gesiggie/mooi glimlag trek die leser se aandag. Dit laat mense gelukkig/goed voel as 'n kind gelukkig is. Kinders in advertensies trek makliker lesers se aandag. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
3.5	spotgoedkoop (<i>sp</i>)	1
3.6.1	"Die heel lekkerste toebroodjies"/"lekkerste toebroodjies vir jou" <i>(VIER OPEENVOLGENDE WOORDE)</i>	1
3.6.2	<ul style="list-style-type: none"> Nie almal sal dink dit is die lekkerste toebroodjie nie. Dit is die adverteerder se eie opinie. Daar is nie bewyse/navorsing gedoen nie. Daar is dalk ander brood wat lekkerder toebroodjies maak. Nie almal hou van Albany se brood nie. Nie almal hou van dieselfde vulsels op die brood nie/kan ham eet nie/hou van ham nie. Die adverteerder weet nie waarvan ek hou/nie hou/wat ek mag/nie mag eet nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.6.1 moet korrek wees vir kandidate om die punt by VRAAG 3.6.2 te kry.)</i>	1
3.7	gesin(slede)/familie(lede)/huisgesin/huismense <i>(EEN WOORD)</i>	1
3.8	<ul style="list-style-type: none"> Albany nooi mense uit om hulle te kontak/kommentaar te lewer/navrae te doen/te kla oor hulle produk. Albany verskaf genoeg kontakbesonderhede wat mense kan gebruik om hulle te kontak. Albany verskaf 'n telefoonnommer/e-posadres sodat mense hulle kan kontak. Die woord "kliëntediens" sê dat Albany in diens van die mense wil wees wat hulle produkte koop. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
		[10]

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Verwerk uit *comicskingdom/zits*]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	Jeremy ... <ul style="list-style-type: none"> • druk die vorm in sy ma se gesig. • maak nie oogkontak met sy ma nie/kyk nie na sy ma as hy met haar praat nie./kyk na sy tas eerder as na sy ma./fokus op ander dinge. • gee die vorm in die verbygaan/met sy rug gedraai vir sy ma. • hou die vorm met 'n lang (uitgestrekte) arm na sy ma toe uit. • kyk nie na die vorm nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.2	Hier is/hier is	1
4.3.1	haar vir Jeremy vererg het	1
4.3.2	Jeremy se ma ... <ul style="list-style-type: none"> • stoot die vorm terug na Jeremy toe./vat nie die vorm by hom nie./gee die vorm terug/stop dit in Jeremy se hande. • se mond is groot/wyd oop (wat wys dat sy hard praat/skree). • praat hard met hom/skree op hom. • hou haar oë toe omdat sy haar so vererg het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.3.1 moet korrek wees vir kandidate om die punt by VRAAG 4.3.2 te kry.)</i>	1
4.3.3	nie seker is wat hy moet doen nie	1
4.4	Jeremy se ma ... <ul style="list-style-type: none"> • praat sagter/praat nie meer hard nie. • het haar hand op Jeremy se skouer. • is vooroor gebuig/staan nader aan Jeremy. • kyk vir Jeremy as sy met hom praat. • se woorde is motiverend/probeer hom aanmoedig om iets op sy eie te doen (om selfstandig te wees)/probeer met haar woorde sy selfvertroue opbou/wys hom daarop dat hy darem al 16 (jaar oud) is. • noem hom op sy naam. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.5	B/moet leer om selfstandig te wees.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.6	Jeremy ... <ul style="list-style-type: none"> sukkel om sy naam reg te skryf. krap sy naam dood op die vorm./maak foute. skryf lelik. kyk lank na die vorm (asof hy nie weet wat hy doen nie). lig die vorm op (asof hy onseker is). lyk onseker (oor wat hy moet invul). staar na die vorm. probeer met sy vinger lees wat hy moet doen. skryf nie sy naam voluit nie. teken in plaas van sy naam te skryf. skryf sy naam net halfpad. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.7	<ul style="list-style-type: none"> sy loer nog steeds oor sy skouer terwyl hy die vorm invul. sy los hom nie alleen nie. sy lewer kommentaar oor sy handskrif. sy dink nie hy kan dit doen nie./wil vir hom sê wat hy moet doen. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.8	Is dit die mooiste wat jy kan skryf? <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die kandidaat om die punt te verdien. Die vraagteken moet daar wees.)</i>	1
		[10]

VRAAG 5.1**TEKS F: DROME VIR MY BOEKKLUB**[Verwerk uit *Huisgenoot*, 14 Desember 2023]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	liefdesprojek <i>(EEN WOORD)</i>	1
5.1.2	dertig <i>(sp)</i>	1
5.1.3	na	1
5.1.4	Thandeka sê dat haar boekklub die enigste leesplek is wat die kinders het.	1
5.1.5	(Thandeka het in 2019 begin) om vir haar nefies en hulle maatjies uit 'n boek te lees.	1
5.1.6	geniet	1
5.1.7	<ul style="list-style-type: none"> Verlede jaar het sy besluit om haar leeskring uit te brei. Sy het verlede jaar besluit om haar leeskring uit te brei. <i>(Enige EEN)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.8	<ul style="list-style-type: none"> Aangesien daar so baie kinders gekom het ✓, het sy die bure se hut as haar leeskamer ingerig. ✓ Sy het die bure se hut as haar leeskamer ingerig ✓ aangesien daar so baie kinders gekom het. ✓ (Let wel: Die kandidaat verdien 1 punt vir elke sin soos in verbinding met die voegwoord.) 	2
5.1.9	bak-ste-ne of bak+ste+ne of bak/ste/ne (Enige EEN. Die verdeling moet volledig wees.)	1
5.1.10	gevaarlike/onveilige	1
5.1.11	bendes/bendelede/gangsters/tsotsi's	1
5.1.12	<p>Voorbeeld waar deur in 'n ander betekenisverband gebruik word, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die deur is nie gesluit nie. (S.nw.) Deur jou toedoen is ek nou in die moeilikheid. (Voorsetsel met ander betekenis, as gevolg van.) Ek is omring deur wilde diere. (Voorsetsel met ander betekenis, by in Engels.) Die spyker is deur./Ek is deur./Hy kruip onder die draad deur./Jy ken jou werk deur en deur. (Bywoord) Sy skoene is deur. (B.nw.) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
5.1.13	beter (sp)	1

VRAAG 5.2**TEKS G: PRENT**

[Verwerk uit Google Images]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	hemde (sp)	1
5.2.2	<ul style="list-style-type: none"> Die gemors word (deur die kinders) in sakke gegooi. Die gemors word in sakke gegooi (deur die kinders). (Enige EEN) 	1
5.2.3	gebruikte (sp)	1
5.2.4	heininkie (sp)	1
5.2.5	Die kinders is nog nie klaar met die werk nie .	1
5.2.6	(Die twee kinders werk) <u>elke Saterdag</u> <u>fluks</u> <u>in die parkie</u> .	1
		[20]
	TOTAAL AFDELING C:	40
	GROOTTOTAAL:	80